

Sondag 2 Januarie

Skrifgedeelte: Psalm 19

**Fokusgedeelte: Psalm 19:2, 8 (1933/53-vertaling); NGB Artikel 2
Ek ken God en dit bemoedig my!**

Ons het gister geles dat gelowiges die toekoms anders benader as ongelowiges. Die rede is dat gelowiges God ken. God maak Homself aan ons bekend en ons bely in Artikel 2 van die NGB dat daar twee middele is waardeur ons Hom kan ken: deur sy skepping en sy Woord.

Psalm 19 getuig ook daarvan! Die eerste deel van die Psalm leer ons dat die skepping self getuig van die grootheid van God. Die tweede deel leer ons dat God Homself nog duideliker aan ons bekendmaak deur sy wet en sy opdragte, met ander woorde sy Woord.

Uit die skepping kan ons leer dat God bestaan en dat Hy almagtig is. Net dit is al genoeg om enige mens te oortuig en van enige verontskuldiging te ontnem, bely ons in Artikel 2.

Deur sy Woord kan ons God nog beter leer ken, soveel so dat ons kan weet hoe om te lewe en dat ons verseker kan wees van ons saligheid. In die Woord openbaar God Hom immers aan ons as Vader, Seun en Heilige Gees.

Ek kan dus die nuwe jaar met vertroue in God tegemoetgaan. Hy is my Vader wat alles geskep het en dit steeds onderhou. Daarom sal Hy ook vir my sorg. Hy is die Seun, my Verlosser, wat aan die kruis vir my gesterf het, wat opgestaan het uit die dood, wat opgevaar het na die hemel en wat weer gaan kom in heerlijkheid om my vir ewig by Hom te neem. Hy is die Heilige Gees, my Trooster, wat die ware geloof aan my skenk en my in alles lei om God met oorgawe en dankbaarheid te dien.

Daarom neem ek my voor om my hierdie jaar in die Woord te verdiep, sodat ek Hom nog beter kan leer ken en ek die toekoms met geloofsmoed tegemoet kan gaan!

Sing: Psalm 19-1:1, 4

Dr. HPM van Rhyn (Malan) (Pretoria-Noord)